

# Die eerste bede: Heilig U grote naam

Teks: Matteus 5: 13 - 18 & Sondag 47  
Teksvers: Matteus 5: 16

## 1. Inleiding

Vanoggend in ons leesdiens word ons stil voor die eerste bede van die Onse Vader. Dit lei dat U Naam geheilig word. Maar wat beteken hierdie versoek wat ons aan die Here rig dan prakties? Wat moet op die aarde gebeur dat die Here se Naam geheilig word. Kom ons begin by die betekenis van heilig. Ons weet dat iets wat heilig is, afgesonder is. Maar dit is dan nie net afsondering nie, dit is ook 'n verhewe. Dit behels 'n beter wees. Ons glo en bely dat God die bron van alle goed is. Om heilig te wees is dus om volmaak goed te wees.

Maar steeds is die vraag dan, hoe hou ons die Naam van die Here volmaak heilig hier op aarde? Iets hiervan lê in die manier waarop ons ook geskape is. Ons as mens is in die beeld van God geskape volgens Genesis 27. Ons is nie self God nie, maar iets van die Here moet sigbaar wees in ons as mense. 'n Belangrike vergelyking wat gebruik word in die Bybel, is lig. Soos wat dit ook sentraal in ons teksgedeelte vandag staan. En soos wat skitter in vraag 122 se antwoord, ook 'n sterk verband met lig het.

Maar onmiddelik is dit belangrik om te sê dat ons nie klein liggies is nie, want ons is nie God nie. Nee ons plek in hierdie vergelyking is eerder die van 'n spieël. Ons weerkaats die lig van die Here aan die wêreld. Maar dit is dan juis hierin wat ons 'n goeie spieël moet wees wat die lig waar en reg weerkaats. Wanneer 'n mens met 'n slegte of valse spieël werk is dit beter om hom eerder, onder 'n emmer weg te steek. Maar wag dat ons eers by die bron van die lig begin.

## 2. die Lig van ouds

In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. <sup>5</sup>Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie. Hierdie begin verse van die Johannes evangelie werp eintlik al baie lig op die onderwerp van ons prediking vandag. Sien ons dink maklik en natuurlik verkeerdelik dat die Nuwe Testament eenvoudig die hele Ou Testament kom vervang. Daarom dink 'n mens maklik dat daar eenvoudig geen lig in die Ou Testament was nie. En daarom sien 'n mens dan maklik die wet en alles daar rondom as die donker.

Maar dan is dit belangrik om op die plek van ons teksgedeelte te fokus. Dit kom in die bergpredikasie voor tussen die saligsprekinge en 'n uitbreiding op die wet van die Here. In die laaste verse van ons teksgedeelte word die koniniteit tussen die Ou en Nuwe Testament juis bevestig met die bekende Matteus 5:18. Christus kom openbaar wat werklik heilig is. Maar uiteindelik is hierdie nuwe lig nie so nuut is nie.

Die lig wat van die Here afstraal was alreeds van die begin van die skepping daar. Dit is egter van die sondeval in Genesis 3 af aan dat die donker begin groei het. Die donker is natuurlik die gevolg van die sonde. Die wêreld het uiteindelik so donker geraak dat daar geen hoop was op lig nie. Daarom moes die verlosser, Jesus Christus die lig na die aarde bring. Die lig wat Christus bring is dus nie nuut nie, maar eintlik die ou wil van die Vader. Dit het egter nou tyd geword dat die lig kragtig deurbreek. Soos die lig van 'n lamp op 'n stander.

Hoe verlang ons nie ook na hierdie lig wanneer ons soms die hardheid van die donker om ons moet beleef nie. Daarom dan ook die bede dat die Heiligheid van die Here se Naam op die aarde meer en meer moet word.

## 3. Die lig is nie ons lig nie.

Ons verlang natuurlik na hierdie lig omdat dit nie ons lig is nie. Hierdie lig kom bonatuurlik van die Here. Ons kan dit nie opwek of skep nie. Ons is eintlik in hierdie saak maar net die weerkaatsers

van die Here se heerlijkheid. Dit bring ons by ons inleiding. Vandag word die name van mense maklik groot gemaak. Met ons sterk fokus op die mens, sien ons soms 'n afgodiese navolging van beroemdes en ander realiteitsterre.

Die probleem met die wat ons as mense doen, is dat die fokus dikwels so sterk na onself gedraai is. Selfs in gedagte van ons teksgedeelte sien ons dit. Daar word verwys na die sout van die aarde, en dan sout wat nie meer in staat is om kos te geur nie, omdat dit laf is. Maar vandag sien ons dikwels dat mense so belangrik wil wees, dat hulle losstande sout is. Sout op sy eie het geen doel nie. Dit kry eers 'n doel wanneer dit gebruik word in voedsel. So is lig wat net verblindend skyn ook nutteloos. Lig het waarde waar dit aarbeid in die donker moontlik maak.

Duidelik kan ons ook nie die fokus van die lig en sout wees nie. Dan is dit verblindende en oorweldigend. Die Here is die bron daarom moet ons goeie werke Hom eer en verheerlik. Soos ons teksvers duidelik oor die lig openbaar. Die lig wat ons weerkaats moet veroorsaak dat God geëer en verheerlik word. Wanneer dit alleen nie meer die die lig wat ek uitstraal is nie, dan word die Naam van die Vader nie geëer nie. Want dan is ek kliphard besig om eerder 'n alternatiewe bron van lig te wees. Met ander woorde die doel van my optrede is dan die eer van my eie Naam.

## **4. Verlossing veroorsaak koningrykswerk**

Die donker wêreld het op die einde totale verlossing van die boosheid nodig. Want ander sal die donker maar bloot voort duur. Dan is al die lig wat gelowiges weerkaats maar soos 'n pleister op 'n seerplek net tydelike verligting bring. Ons het die verlossing nodig wat heeltemal kan genees. Die verlossing wat die bose kan oorwin en die bewerker daarvan 'n afsku daarin kan gee. Hierdie verlossing kom net van die ware verlosser. Ons Here Jesus Christus wat Sy lewe kom aflê het vir ons verlossing.

Dit is net mense wat waarlik hierdie verlossing gesmaak het. Mense Wat deur die Heilige Gees gedwing word om hierdie genade met albei hande aan te gryp, wat werklik ligdraers kan wees. Wat waarlik goeie dade kan doen wat die Here verheerlik. Want dit is die verlossing in ons Here Jesus Christus alleen wat ons uiteindelik lig laat weerkaats. Dan is dit lig wat van ons voortan uitgestraal word. Die lig wat van die Vader kom.

Wanneer ons hierdie lig van die Woord werklik uitdra kan ons die wêreld verander. Want dan kan daar ook verlossing kom vir die bewerkers van die bose. Daarom wanneer ons werklik eerlik na die omstandighede rondom ons kyk, kan ons nie bekostig om die lig onder die emmer weg te steek nie. Ons as gemeenskap van die gelowiges moet die stad op die berg wees. Die stad wat aandag trek. Wat die samelewing vul met nuuskierigheid. Wat op die einde die gemeenskap deurwerk soos sout ook 'n dus deurwerk en dit smaaklik maak.

Dit is uiteindelik die praktiese sy aan die Heiligheid van die Here se naam. Om die goed en mooi in die wêreld om ons te etiketteer vir wat dit is, genade uit die Here en niks anders nie.

## **5. Slot**

Ons kan hierdie preek positief vandag afsluit. Ons kan afsluit met die wete dat hierdie donker wêreld kan verander. En dat goed in ons almal 'n deel van die potensiaal geskep het wat hierdie wêreld kan verander. Goed seën ons elkeen met gawes. Hy plaas ons elkeen in unieke omstandighede. Hier kan ons die koningryk bou deur Sy lig te laat skyn, en Sy Naam groot te maak.

Tog weet ons almal dit is makliker gesê as gedoen. Ons weet dat ons dikwels eerder suiker as sout wil wees. Dat ek eerder saam met die stroom boosheid sal beweeg. Ons weet dat ons dikwels eerder ons lig wegsteek wanneer daar verkeerde opgetree word. Daarom is hierdie woorde van Christus vandag nog net so belangrik vir ons. Ons moet ons lig so voor die mense skyn, dat hulle ons goeie werke kan sien en ons Vader wat in die hemel is, kan verheerlik.”

Soos ons reeds gesê het, het ons eintlik nie vandag 'n keuse nie. Want die wêreld rondom ons is alreeds baie donker. Ons sluit af met Romeine 13 vers 12 - 14: "12Die nag is byna verby; dit is

amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. <sup>13</sup>Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. <sup>14</sup>Nee, julle moet lewe soos volgelingen van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.

Met ander woorde daar moet in ons 'n intense verlange wees, om die naam van die Here te heilig, presies waarvoor ons vra in die eerste bede.

Amen